**ANNEMARIE VAN NIEKERK [SAMESTELLER]: VROUEVERTELLERS 1843-1993.** Tafelberg, Kaapstad, 1994. 461 pp.

Hierdie bundel bevat in chronologiese volgorde 66 kortverhale en ander vertellings deur 66 vroue oor 'n tydperk van 150 jaar.

Met dié bundel van Van Niekerk poog sy om 'n "geslagsdiskoers" oor die vrou in die Afrikaanse kortverhaal te ontwikkel. Dit plaas die klem op die historiese ontwikkeling van die vrou in die Afrikaanse kortverhaal en word deur verskillende skrywers, style en temas verwoord.

Die verskeidenheid temas omsluit dit wat vir die vrou van belang is. Teenoorstaande temas soos vroue wat swig voor manlike helde en vroue wat mekaar se liefde soek, word aangeraak. Die verhale lewer self kommentaar op die aard van die Afrikaanse vrou.

Daar is weinig sprake van 'n historiese bewussyn in die vroue-verhale van die dertigerjare, maar daar is wel 'n aanduiding van die soeke na 'n Afrikaner-identiteit en nasionaliteitsontwikkeling. Met republiekwording kom daar meer kritiese beoordeling van die Afrikaner se waardestelsel en nasionalistiese oortuigings. Die vrou se belange bly steeds by die huislikhede, maar verskuif in die sewentiger- en tagtigerjare in 'n mate na 'n breër beroepswêreld.

Dit is jammer dat daar nie ook Afrikaanse verhale van bruin en swart vroue in die bundel te lese is nie. Dit sou die visie van die vroueverhaal in Afrikaans baie verbreed het en die "diskoers" verder gestimuleer het. Van Niekerk maak die leser self attent op die feit dat daar geen verhale van dié aard in Afrikaans gepubliseer is nie, maar die vraag ontstaan of dit nie tog moontlik sou wees om meer mondelinge oorvertellings soos die een uit Sotho deur Minnie Postma en die ander uit Venda oorvertel deur Adelheid Keyser, te bekom nie.

Vir die onderwyser het die boek min praktiese waarde. Dit kan wel as bykomende leeswerk en agtergrond-studie gebruik word.

EVR